

**30 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30**  
**Fokusgedeelte: Romeine 8:26-28 (1983-vertaling)**

**Gedra deur die Heilige Gees word ons deur ons beproewinge ten volle verheerlik**

Kan ons dit werklik nog glo dat God vir ons alles ten goede laat meewerk as die een beproewing na die ander ons bly tref? Kan daar dan enige goed in lyding of beproewing tevoorskyn kom? Sulke vrae maal maar deur ons gedagtes.

Daar is baie hoekoms en waaroms na die sin van lyding, na die sin van beproewings. Baie belangrik is dat ons nooit uit die oog sal verloor dat God 'n liefdevolle Vader is en bly wat Hom voortdurend met sy uitverkore kinders bemoei. En of dit nou goed of sleg gaan met ons, dit is God wat met ons besig is. Ons is in 'n proses waar ons ryp gemaak word om die heerlijkheid van God in al sy glorie te ontvang. Ons is soos goud wat eers gelouter moet word sodat al die onsuiverhede uit die goud verwyder kan word en net die suiwer goud kan agterbly. Hy wil aan die suiwer goud die heerlijkheid gee soos wat Hy belowe.

So bevry God ons van die verganklikheid van die sondige liggaam, sodat wanneer Hy ons liggame weer gaan opwek, ons die onverganklikheid in volle heerlijkheid sal ontvang. Ons as gelowiges moet in ons lyding en beproewinge God eintlik al meer en meer dank dat Hy ons deur hierdie smeltkroes laat gaan.

Hoe kan ons by daardie punt kom om God ten volle te glo ten spyte van ons beproewings? Ons moet intens en intiem met God leef. Hierin ondersteun die Heilige Gees ons. Die Heilige Gees is ook in versugting dat God die heerlijkheid vir sy kinders moet laat aanbreek. Hy pleit self vir en namens ons by God daarvoor, omdat Hy die wil van God vir ons as sy kinders so goed ken. Volgens die wil van God is daar vir sy kinders net genade. Dit is net genade alleen dat ons uitverkies is. Dit is net genade alleen dat ons deur Jesus Christus vrygespreek is en dat ons verheerlik sal word. Alles net genade omdat die Heilige Gees ons in ons eie swakheid en beproewinge bystaan.

Hoe gaan ons nou die toekoms tegemoet? Sien God raak. Ken Hom. Leef intens en intiem met Hom. Al moet ons sterf, al moet ons terminaal siek wees, die ewige heerlijkheid wag vir ons. God is nooit sy Woord ontrou nie.

*Sing: Psalm 36:2, 3 (1936)*

*Ds. MPA (Maarten) Venter (Vryburg)*